

## **24.10 RAPPORT 5: KURATORE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM – BEPLANDE NAVORSINGSLEERSTOEL VAN FAKULTEIT TEOLOGIE OOR PENTEKOSTALISME EN NEO-PENTEKOSTALISME**

Die Dekaan van Fakulteit Teologie, prof JJ Janse van Rensburg, het tydens die vergadering van die Dagbestuur van 3 Maart 2014 daarna verwys dat die Fakulteit beplan om 'n navorsingsleerstoel by Fakulteit Teologie in te stel waarby die kerke uit die Pentekostalisme en Neo-Pentekostalisme sodanig in 'n ooreenkoms met die NWU betrek word dat die teologie van die Pentekostalisme en Neo-Pentekostalisme in die navorsingsaktiwiteite van die Fakulteit Teologie geïnkorporeer word.

Die Dagbestuur het versoek dat 'n opvolggesprek in verband met die leerstoel gehou sal word en inligting ingewin oor die moontlikheid dat 'n navorser vanuit 'n Pentekostalistiese en Neo-Pentekostalistiese paradigma navorsing kan doen wat in die Reformatoriese Teologie geïnkorporeer kan word en dit kan bevorder. Dit was vir die Kuratore Dagbestuur duidelik dat hierdie verwikkeling die Ooreenkoms tussen die NWU en GKSA direk raak en gevolglik het die Dagbestuur die advies van die Deputate Regsaangeleenthede ingewin.

Die adviese wat ingewin is, het op 10 Junie 2014 by die Kuratore gediën en die Kuratore het hulle daarmee vereenselwig (Bylaes 1 en 2 by die Notule van 10 Junie 2014). Daarop het die Kuratore besluit om die Fakulteit te versoek om in die lig van die Ooreenkoms tussen die NWU en die GKSA van die projek soos uitgewerk, af te sien.

Op 3 Julie 2014 is die Kampusrektor by 'n verdere gesprek betrek, waarby die Kuratore onder die indruk gekom het van die Kampusrektor se positiewe gesindheid teenoor die GKSA en sy oortuiging dat die verhouding tussen die NWU en die GKSA nie onder druk geplaas moet word nie.

In verdere gesprekke is besluit om 'n gesamentlike werkskomitee van die Kuratore en die NWU saam te stel. By hierdie werkskomitee is regsgeleerdes van sowel die NWU as die Regsdeputate van die GKSA betrek. Die regsgeleerdes sal DV in Februarie 2015 'n gesamentlike Rapport oor 'n verantwoordelike interpretasie van die Ooreenkoms ten opsigte van al die artikels aan die Kuratore en die NWU voorlê.

Op 18 November 2014 het die Kuratore 'n baie positiewe standpunt ingeneem oor die moontlik stigting van 'n *ander* navorsingsleerstoel by die Fakulteit Teologie, naamlik 'n leerstoel waarin vanuit Reformatoriese perspektief navorsing gedoen word oor die etiese problematiek van ons tyd.

### **Aanbevelings**

1. Die Sinode neem kennis van die Rapport.
2. Die Kuratore versoek die Moderamen van Algemene Sinode 2015 om 'n Vertrouenskommissee aan te wys. Die Kuratore Dagbestuur (2012-2014) sal verdere toeligting aan die Kommissee verskaf.

*Rapporteur:*